227

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE S.A.S.K. GEHOU 26 APRIL 1948

Die S.A.S.K. konstitueer nadat die Sekretaris, Ds. J. G. Strydom met gebed die vergadering geopen het.

Die nuwe lede is asvolg:

| | | |
|---|---|---|
| I. | Winburg. | Ds. W. R. de Kock, |
| 2. | Fauresmith | Ds. J. S. Dreyer. |
| 3. | Smithfield | Ds. B. Alheit. |
| 4. | Bloemfontein | Ds. D. G. v. d. Merwe. |
| 5. | Harrismith | Ds. H. F. Prinsloo, |
| 6. | Bethlehem | Ds. C. A. du Plessis, |
| 7. | Ficksburg. | Ds. D. J. Barnard. |
| 8. | Heilbron | Ds. L.L. NEL. |
| 9. | Bulawayo | Ds. T. A. Theron. |
| IO. | Boshof | Ds. P.N.V. de Lange. |

Toe voorstelle gevra is vir Voorsitter is Ds. D. G. v. d.Merwe voorgestel en eenparig aangeneem. As Onder-Voorsitter is Ds. W.R. de Kock gekies.

UITVOERENDE EN SPOEDEISENDE KOMMISSIE. Die Voorsitter, Ds. D. G. v.d. Merwe; die Onder-Voorsitter, Ds. W. R. de Kock en dieSekretaris, Ds. J. G. Strydom.

KOMMISSIE VIR DIE BUITELAND. Di D. G.v.d.Merwe, W. R. de Kock, B. Alheit, en T. A. Theron.

KOMMISSIE VIR DIE BINNELAND.Di. L. L. Nel, D. J. Barnard, P.N.V. de Lange en C. A. du Plessis,

Die Binnelandse Kommissie lede is Sekundi vir die Buitelandse Kommissie en omgekeerd.

KOMMISSIE VIR WERK ONDER DIE JODE. Ds. J. S. Dreyer, H. F. Prinsloo.

Die SENDINGSEKRETARIS. is scriba en lid van elke Kommissie.

KOMMISSIE VIR WITZIESHOEK. (LEDE)
Primarii. Di. C. A. du Plessis en H.F. Prinsloo.

Sek (Lid) Ds. D. J. Barnard.

Die Voorsitter spreek 'n woord van waardering uit teenoor die Broeders wat gedien het op die gewese S.A.S.K. en verwelkom die nuwe Broeders en spreek die hoop uit dat ons altwee as een geheel saamgesmelt word.

KOMMISSIE VIR STRYDOM - OPLEIDINGSKOOL:

Di. P. N. V. de Lange en B. Alheit.

COLLEGE YA BANA BA AFRIKA. Dit word besluit om aan te beveel by die H.E. Sinode dat aan hierdie Kollege die geleentheid gegee sal word om deur middel van die pers 'n oproep te doen ter ondersteuning van die saak en dat die H. E. Sinode die saak sy morele ondersteuning sal gee.

....................../ 2.

OPRIG VAN NATURELLE NUUSBLAD.

Dit word besluit om aan te beveel by die H. E. Sinode om ook hierdie saak sy morele ondersteuning te gee, en gee toestemming dat vir hierdie saak deur 'n publieke oproep geldelike ondersteuning gevra sal word deur die oprigters van die genoemde blad. Die opstel van hierdie voorstel word oorgedra aan Di. LL L. Nel en H. F. Prinsloo.

KOMBUIS SENDING.

Hierdie sending bly in hande van Mnr. Willie Theron. Die H. E. Sinode doen 'N oproep op al die lede van die kerk om hulle bediendes te bearbei.

Di. B . ALheit en J. S. Dreyer stel die saak by die Sinode voor.

Daarna is die vergadering met gebed gesluit.

H.F. Prinsloo

B. Alheit.

J. S. Dreyer

Nico de Lange